Clifton C. Crais: **THE MAKING OF THE COLONIAL ORDER**. Witwatersrand University Press Johannesburg 1992. 284 p. R80.

Clifton C. Crais het met hierdie publikasie 'n belangrike en goed gedokumenteerde bydrae tot die geskiedskrywing van die Oos-Kaap gelewer. Soos die subtitel "White Supremacy and Black Resistance in the Eastern Cape, 1770-1865" aandui, handel die boek oor byna 100 jaar van "Sturm-und-Drang" in 'n streek van ons land wat 'n deurslaggewende rol in die ontplooiing van volkereverhoudinge en selfs die huidige rassepatroon van Suid-Afrika as geheel gespeel het.

Hierdie insiggewende en deeglik nagevorsde werk dek ook 'n tydperk van sewe Grensoorloë. As sodanig is dit 'n welkome toevoeging tot die genre van Suid-Afrikaanse streeksgeskiedenis, ten opsigte waarvan die Oostelike Provinsie tot dusver nog relatief min aandag geniet het.

Dit is verder insiggewend dat hier weer eens 'n Amerikaner is wat hom verdiep het in Suid-Afrika se grensgeskiedenis en volkereverhoudinge. Hierdie belangstelling staan waarskynlik in verband met vergelykbare grenssituasies, wat vir Crais egter soms in die versoeking bring om te maklik afleidings te maak.

Reeds in die eerste paragraaf van die inleiding verduidelik die outeur dat die boek in wese gaan oor die wyse waarop verskillende rassegroepe met radikaal uiteenlopende persepsies van die omringende wêreld deel gehad het aan die totstandkoming van 'n ongelyke en rassisties verdeelde koloniale samelewing. Dominasie, afhanklikheid, geweld, oorheersers en oorheersdes, 'n patriargale stelsel en paternalisme is vir Crais belangrike begrippe as hy die proses en gevolge van kolonialisme in die betrokke streek vir ons uiteensit.

Hierdie boek se tien hoofstukke is in vier logiese afdelings verdeel, elk met 'n hooftema, naamlik "Times of plenty, times of pain"; "Colonial paradoxes"; "The making of a colonial order" en "Of the conquerors and the vanquished".

Die skrywer se eerste hoofstuk gee 'n insiggewende en dikwels oorspronklike uiteensetting van die herkoms, koms en vestiging van die San, Khoi-khoi, Khoisan en die Xhosa in die Oos-Kaap. Hy bespreek eersgenoemde groep ook as "autochtones" (oerbewoners) en "hunter-gatherers". Dit is terloops hier en elders in die teks duidelik dat die outeur in die debat oor 'n algemeen aanvaarbare terminologie vir die onderskeie bevolkingsgroepe nie met permanente oplossings kom nie.

Crais gaan dan voort met insiggewende maar soms vae stellings oor die wanneer en waar van die vroeë volkerebewegings in Suid-Afrika, wat ook nie altyd deur voetnote toegelig word nie. Hy meld byvoorbeeld, sonder enige verwysings:

"Sometime in the first centuries AD, and again probably during the fifteenth century, autochtones began coming into contact first with pastoralists and finally with Bantu-speaking pastoralist-cultivators. This three-fold contact, among hunters, herders and cultivators, took place within the context of the movements of people in search of land, water, status and refuge and gave social and

political shape to the wider region. The Eastern Cape became a 'border area' or 'frontier zone', a site of ethnic ambiguity and intensive social construction. New identities were assembled, older ones reshaped." (p. 14).

Die eerste hoofstuk gee verder 'n goeie perspektief en agtergrond van die ekonomiese, sosiale en politieke organisasie van die onderskeie "setlaars" in die Oos-Kaap, met uitsondering van die Blankes. Die skrywer slaag hier en elders goed daarin om antropologiese insigte en -navorsing met onderhoudende geskiedskrywing te integreer. As sodanig open die boek belangrike nuwe perspektiewe.

Crais betree ook deels nuwe veld in die tweede hoofstuk waarin hy die belangrike invloed en voorkoms van slawerny in die Oos-Kaap bespreek en dit vergelyk met die posisie in die Westelike Provinsie.

Die daaropvolgende hoofstukke handel hoofsaaklik oor die meer bekende Oos-Kaapse geskiedenis van die 19e eeu. Die bydrae van die Hollandse koloniste en die latere Engelse setlaars en administrateurs word oor die algemeen met relatief min simpatie geskets.

Volgens Crais het die Britse administrateurs die ideaal van stabiliteit nagestreef, maar in plaas daarvan bygedra tot die groei van geweld. Hulle was ook bewus daarvan dat 'n gebrek aan "goeie orde" geweld gebaar het en die grense tussen beskawing en barbarisme verdof het.

Die outeur belig hierbenewens die veelvuldige patrone van die groeiende Swart weerstand teen oorheersing deur die Blankes (die "pale beasts") en rasse-kapitalisme op 'n bekwame wyse. In sy oortuigende verkenning daarvan en veral van die, volgens hom, toenemende rassisme van die Britse Setlaars laat hom onder andere die rol van dikwels bekende aspekte behandel soos strooptogte, die vrystelling van die slawe, die D'Urban-stelsel, sendingstasies en die passtelsel. Hy konsentreer noodwendig ook op die destydse Grensoorloë, wat hy terloop bestempel as "wars of dispossession". Sy siening van die Xhosa-Selfmoord is interessant, maar beslis nie volkome onaanvegbaar nie.

Alles in ag genome, is die boek 'n helder en hoogs leesbare uiteensetting van die verbete eeu-oue stryd tussen kultuurgroepe op die Oosgrens oor besittings, besettings, onteiening en ontneming van regte en vryhede. Die boek is in 'n maklik verstaanbare taal en styl geskryf en baie van ons kennis van die betrokke streek word op 'n prysenswaardige en boeiende wyse aangevul.

Met sy goed nagevorsde, geanaliseerde en gerangskikte stof, getuig die boek verder van goeie vakmanskap oor 'n komplekse en wye maar in sekere opsigte geensins onbekende onderwerp nie. Die standpunte van ander historici word sodoende noodwendig herhaal. Dit geld ook vir sy navolging van die huidige tendens in sommige kringe om administrateurs soos sir George Grey en kol. John Maclean se bydrae te negeer.

Dit is hierbenewens jammer dat daar waarskynlik vanweë taalprobleme feitlik glad nie van primêre of sekondêre Afrikaanse of Nederlandse bronnemateriaal gebruik gemaak is nie. Soos met ander boeke van hierdie aard die geval is, bestaan daar ongelukkig ook geen geskrewe tydgenootlike bronne in byvoorbeeld Xhosa om 'n wyer perspektief te gee nie. Daar is voorts teleurstellend min van kontemporêre koerante en belangrike bronne soos die "British Kaffrarian Records" vir navorsingsdoeleindes gebruik gemaak.

Andersyds vergoed die werk deur 36 bladsye van deeglik nagevorsde en verantwoorde voetnote en verduidelikende aantekeninge. Die boek is verder voorsien van 'n goeie indeks, bibliografie en kronologie van die Oos-Kaap.

In die bruikbare kronologie word daar na 1865 in plaas van 1866 verwys as die datum van Brits-Kaffraria se anneksasie by die Kaapkolonie. Dit is moontlik die rede waarom die titel van die werk ook myns insiens foutiewelik na 1865 verwys.

Die boek is hierbenewens ryklik geïllustreer met kaarte, diagramme en afbeeldings van skilderye en sketse. Van hierdie afbeeldings is ongelukkig onduidelik.

Hierdie Suid-Afrikaanse slapband-uitgawe van Clifton C. Crais het in 1992 verskyn, kort na sy "White Supremacy and Black Resistance in Pre-Industrial South Africa". Beide werke is klaarblyklik op sy doktorale tesis gebaseer. Die Suid-Afrikaanse uitgawe kos R80.

Hierdie boeiende boek is in sy geheel gesien 'n belangrike aanwins vir die Suid-Afrikaanse

geskiedenis in die algemeen en die Oos-Kaapse geskiedenis in die besonder. Dit behoort ook aangeskaf te word deur enige belangstellende student van Suid-Afrika se komplekse rassesituasie.

**G.S. Hofmeyr**